Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

JY NABY MY

Musiek: Louis van Rensburg
Teks: Fanus Rautenbach

Jy naby my naby jou naby my
asem die asem – die warm soet smaak van saam wees
ek deel wat jy voel, wat jy sê, wat jy doen
laat my deel in jou seer maar ook in jou droom

Sê my wie jy werklik is – wie's die ander jy?
die jy naby my naby jou

Jy naby my naby jou naby my
asem die asem – die warm soet smaak van saam wees
deel wat jy wou wat jy wil wat jy glo
laat my deel in jou leed maar ook in jou droom

Sê my wie jy werklik is – wie's die ander jy?
die jy naby my naby jou

Jy naby my naby jou naby my
asem die asem – die warm soet smaak van lief wees
van lief wees sonder end